
RUILWAARDE.

RUILNOMMERS. 'n Nuwe, interessante blad het sy verskyning gemaak vanaf Januarie 1950. Dit word genoem „Ons Kleintjie” en is 'n maandblad vir ouers en onderwysers. Die hoofredakteur is mnr. Th. Blok wat bygestaan word deur 'n aantal vakkundiges uit Kaapland, Vrystaat en Transvaal. Die adres is bus 280, Bloemfontein; dit word uitgegee deur die O.V.S.O.V. en kos 12/6 per jaar. Dit is die eerste Afrikaanse blad wat vir sowel ouers as onderwysers uitgegee word, en dit verdien ons almal se ondersteuning. Die eerste nommer maak 'n besonder goeie indruk: die formaat is groot, die druk mooi en die inhoud baie waardevol. Hier is 'n paar van die artikels: H. Blignault skryf

oor die begaafde kind, S. J. van der Walt oor segregasie, P. J. van Z. Hattingh oor dom gebare of dom gemaak(J. G. Meiring oor die jongmenswording van ons kinders, V. E. Viljoen o.m. oor „Mammie, ek is eerste.” „Die Hervormer,” die amptelike orgaan van die N.H.K. van Afrika, verskyn vanaf Oktober in 'n nuwe vorm: dit lyk nou soos 'n klein formaat-nuusblad. Die rubrisering is ingrypend verander en die blad maak 'n besonder fris indruk. „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns,” orgaan van die S. Afr Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn in sy Oktober-uitgawe in 'n lywige omvang. Daar is nie minder as 14 rubriek nie en dit beslaan 224 bll. Meeste van die artikels

is baie stywe stof. Van besonder belang is die drie voorsittersredes gehou voor die jongste jaarvergadering; dan volg 6 „In Memorias”; verder word deur 3 geleerdes verskillende aspekte van die vitamiene behandel; daar is 2 mooi artikels oor kuns en wysbegeerte, 2 oor suiwer wetenskaplike onderwerpe; dan 'n aantal losstaande studies, o.a. F. C. Truter oor „Ystye in S. Afr.”, P. G. Jordaan oor „Gemeenskapontwikkeling en veldbeheer,” en P. P. B. Breytenbach oor „Die nasionale toneelorganisasie.”

* * *

KERK EN GODSDIENS. B. B. Keet bespreek in „Die Kerkbode” (28 Des., 4 en 11 Jan.) die uitverkiesingsleer van K. Barth. In „De Wagtoring” behandel L. Berkhof „Zonde en Genade” vanaf 1 Nov., en W. Kok „Het Huisbezoek” vanaf 25 Okt., en gaan W. Haverkamp voort met sy studie oor die sewende-dag Adventiste (Okt., Nov., Des.). In „Bibliotheca Sacra” (Okt.—Des.) is daar soos gewoonlik 'n hele aantal diepgaande studies: ek noem net die van L. S. Chafer oor „Eternal Security of Believers” en J. F. Wolvaard oor „A Millennialism.” In „Christian Life” (Des.) word gestel dat „revival via the Sunday School” kan en moet geskied. Besonder mooi is artikels oor die ekumeniese vraagstuk: C. Bouma in „The Calvin Forum” (Nov.) en J. P. Jooste in „Die Kerkblad” (20 Jan.) D. P. Laurie skryf in „Op die Horison” (Des.) oor „eenheid in ons sendingsaksie.” J. Overduin behandel in „Horizon” (Des.) „Moderne kerstpoëzie” en H. Kaldenberg in „Die Huisgenoot” (6 Jan.) ons kerkmusiek op die breë weg. J. D. du T. skryf in „Die Kerkblad” (20 Jan.) oor die kerk in die Ooste. Wetenswaardig is die „letters in die Bybel” volgens J. O. R. in „Die Brandwag” (16 Des.)

* * *

SKOOL EN OPVOEDING. Die C.N.O. bly nog maar aan die orde van

die dag: „Die Hervormer” (Okt., Nov., Des.), „Inspan” (Des., Jan.) „Die Kerkblad” (20 Jan.) Meeste ruilnommers gee ook nog heelwat aandag aan beroepsonderrig, o.a. „Die Kerkbode” (18 Jan.), „Die Unie” (Des., Jan.) „Inspan” (Des., Jan.). Prinsipiël baie mooi is T. Schultze se „Night in the Area of Education” in „The Calvin Forum” (Nov.) en B. F. Nel se „Stiefdogter” in „Inspan” (Des.) „Die Onderwysblad” van die T.O. by sy Desember-uitgawe aan sy afgetrede voorsitter, J. H. Greybe. In „Paed. Studiën” (Nov.) is daar twee goeie artikels oor algemeen vormende onderwys vir Nederland deur Ph. Kohnstamm en I. C. van Houte, en in die Desember-nommer skryf F. J. J. Buytendyk oor die psigologie van die dans en Ph. Kohnstamm oor pedagogiek en psigologie. H. van Zyl skryf in „Op die Horison” (Des.) oor die Stofberg-gedenkskool. Die nuwe Transvaalse Taal-ordonnansie geniet heelwt aandag: „Zuid-Afrika” (Des.), „Onderwysblad” (Jan.)

* * *

MAATSKAPPY EN WETENSKAP. Twee sake geniet op hierdie gebied besonder baie aandag. „Apartheid” word vanuit verskillende gesigspunte ondersoek deur B. B. Keet in „Die Kerkbode” (30 Nov.—21 Des.), P. J. Danhof (besonder goed) in „The Calvin Forum” (Okt., Nov., Des.), F. J. van Wyk in „Op die Horison” (Des.) B. le Roux in „Die Brandwag” (23 Des.) terwyl „Die Kerkbode” (11 Jan., en 21 Des.) dit ook doen. Die tweede —dit spreek vanself— is die ingebruikneming van die Voortrekker-monument. Hieroor het alle ruilnommers besonder goeie bydraes: ek noem net „Die Huisgenoot,” „Die Brandwag,” „Die Transvaler,” „Die Kerkbode,” „Die Hervormer,” „Die Kerkblad,” „Die Geref. Vaandel,” „Die Taalgenooot,” „Die Geref. Vroueblad.” „Gemengde” huwelike tussen blankes (ras

en geloof) word bestudeer deur T. C. de Villiers in „Die Kerkbode” (7 Des.) en verder in „Christian Home and School” (Des.) „Standpunte” (IV, 4) bring 'n hele aantal mooi studies: H. Nyldert oor „Albert Verwey en Zuid-Afrika,” G. Burssens „het expressionisme,” A. C. Partridge „the condition of S. Afr. English literature” en M. Roberts „Trollope's political novels. H. F. Vos skryf in „Bibliotheca Sacra” (Oct.-Des.) oor „the music of Israel” en R. Schippers in „Beginning” (Nov.) oor visies op die joodse vraagstuk. Van suiwer wysgerige belang is J. Wemelsfelder se studie oor „Calvinistisch wysgerige fundering van die ekonomiesche metodologie in „Philosophia Reformata” (XIV: 4) en K. J. Popma, ook daar, oor „tyd en religie.” In „Nieuw Nederland” (10 Okt.) word

herdenk die Boere-oorlog. „Race Relations” (XVI: 4) word gewy aan die „Race Riots in Durban.” „Beginning” bring twee besonder waardevolle bydraes: J. M. Spier oor „Loen's existentialisme” (Nov.) en W. J. C. Buitendijk oor „Universiteit en Kunst” (Des.). Twee artikels oor kinderboeke verdien verder ook vermelding: „Good Books” deur H. L. Lundquist in „Christian Life” (Nov.) en „Encyclopedic Textbooks” deur C. B. in „Christian Home and School” (Des.), terwyl S. H. Pellissier in „Die Huisgenoot” (2 Des.) ons vertel dat ons 'n lesende volk word, en J. H. Jordaan en S. P. E. Boshoff in „Die Huisgenoot” (9 Des.) ons alles vertel oor aanmekaarskryf in Afrikaans.

J. CHR. COETZEE.
